Om die gemeente weg te gee

Marius Nel

Die gemeente behoort aan God en nie aan ons nie

Dit is gevaarlik om lidmate op hulle eie te laat. Hulle mag dalk net die wil van die Here vir hulle gemeente raaksien.

Met 'n "cluster"-byeenkoms van die Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes (SAVGG) moes ek noodgedwonge ons gemeente se taakspan alleen laat om 'n ander verpligting na te kom. By my terugkeer word ek met 'n bruisende opgewondenheid in kennis gestel dat hulle as taakspan uiteindelik besef het waaroor die hele gestuurdheid van die gemeente gaan: dat ons gemeente nie aan ons self behoort nie, maar aan God. Daarom is die gemeente nie die kerkgebou, leraars of lidmate nie – maar die gemeente is God s'n. En omdat dit syne is, moet ons dit volledig tot sy beskikking stel om die wêreld mee te kan bereik. Anders gestel – ons moet die gemeente probeer weggee.

Dié insig is sekerlik nie nuut nie. Bonhoeffer en ander het reeds in die vorige eeu bely dat die kerk slegs tot die voordeel van hulle wat nie lede is nie bestaan. Om hierdie belydenis egter op alle terreine van ons gemeentelike lewe ernstig op te neem, het radikale implikasies ingehou. Die belangrikste hiervan was dat ons begin het om die hele gemeente te probeer weggee – nie net 'n deel van ons inkomste soos in die verlede nie, maar alles: personeel, geboue en gemeentelede – letterlik alles.

Prakties beteken dit dat van leraars verwag word om nie net met die gemeente se bediening besig te wees nie, maar ook met werk tot voordeel van ander wat nie van die gemeente is nie.

Een voorbeeld is die gemeente se pastorale spreekkamer. Enigeen wat deur 'n krisis gaan, word hier bygestaan. Gevolglik het 'n beduidende persentasie van mense wat van dié professionele diens gebruik maak, tans geen band met die gemeente nie. In baie gevalle sal dit ook nie verander nie.

Die ander leraars is by die kinderhuis, die universiteit, arm nedersettings en welsynorganisasies betrokke waar hulle met hulle verskillende gawes probeer om 'n diens aan ander te lewer.

Gemeente-weggee was moeiliker as wat ons gedink het. Ons was altyd primêr daarop ingestel om die gemeente te laat groei. Daarom was ons by ons buurt en skole betrokke. Só sou nie-lidmate ons raaksien, en kon ons hulle mettertyd oortuig om deel van ons gemeente te word. En as hulle lidmate geword het, kon hulle weer op hulle beurt 'n bydrae tot die werksaamhede van die gemeente maak.

Op dié manier het ons nie werklik die gemeente as 'n geskenk aan die wêreld gegee nie. Ons het eerder daarin geïnvesteer tot ons eie voordeel. In die woorde van Miroslav Volf gee ons geskenke aan ander, net om dit weer in ander vorms terug te ontvang. Soos my blomme aan my vrou op Moedersdag 'n boek van haar op my verjaarsdag word, dien ons uiteindelik maar net onsself. 'n Ware geskenk impliseer egter dat dit vryelik, sonder voorbehoud, weggegee word. Om dit te kan doen is slegs moontlik indien ons onthou dat die gemeente in die eerste plek nie ons s'n is nie, maar God s'n.

Tot Christus se beskikking

Ons moes daarom besin oor wat dit beteken as ons bely dat iets aan die Here behoort. Is dit om dit soos Barnabas weg te gee deur al ons bates te verkoop en die geld aan die armes uit te deel, of is dit om ons fasiliteite te "verlaat" soos Petrus sy boot en sy huis verlaat het – verlaat in dié sin dat dit onder nuwe bestuur was en volledig tot Christus se beskikking?

Ons het vir laasgenoemde gekies. Daarom probeer ons om soos talle gemeentes reg oor die land werklik die Here te dien deur ons gemeente weg te gee by wyse daarvan om dit tot ander se voordeel aan te wend.

Ons het alles in ons vermoë gedoen om ons gebou tot beskikking van die gemeenskap te stel. Dit vra bepaalde aanpassings. Die koster moes van hekwag tot gasvryheidsbestuurder transformeer. Die gebou moes daagliks skoongemaak word. Mense moes goed kon stoor. Ons moes die vergunning maak dat nuwe gebruikers drie maande lank sonder vergoeding die gebou kon benut. En as hulle iets moes betaal, het ons dit beperk tot wat nodig was om die gebou skoon te hou.

Die doel was om elke dag die gemeenskap met ons fasiliteite te dien. Daarom is daar elke dag iets by die kerkkompleks aan die gang – van dansklasse tot 'n hondeskool in die tuin.

Opregte gasvryheid

Dit gaan egter vir ons om méér as die weggee van die gemeente. Dit gaan ook oor die gesindheid waarmee ons die gemeente vir ander aanbied. Kortom, dit vra opregte gasvryheid. Daarom het ons voortgegaan en alle borde wat mense uitsluit of beperk verwyder. Dis nogal verstommend hoeveel kennisgewings 'n gemeente het wat mense in- of uitsluit ("gereserveer vir die leraar" …).

Dit is redelik maklik om geld, geboue en leraars weg te gee. Ons ervaring was dat die weggee van lidmate die heel moeilikste is. As ons eerlik is, sou ons eintlik wou hê dat gemeentelede almal méér betrokke raak by die gemeente. Ons sou hulle eers mobiliseer as 'n gemeentelike aksie, wat daarna, ná talle vergaderings in die naam van die gemeente, na buite gaan. In dié geval kan ons immers op ons ringsverslae getuig waarmee ons as gemeente besig is. Hoe meer gemeentebedienings, hoe beter. Ons moes egter opnuut leer dat dit nie gaan oor wat in die naam van die gemeente gedoen word nie, maar wat in die Naam van die Here geskied. Lidmate moes aangemoedig word om waar hulle is, spontaan en op kreatiewe wyse hulle geloof daadwerklik uit te leef.

Eredienste as ruimte vir getuienis

Die ideaal is dat lidmate hulle geloof orals sal uitleef – om dan veel later (indien wel ooit) die gemeente daarvan in kennis te stel.

Natuurlik is daar steeds ruimte vir die georganiseerde betrokkenheid deur gemeenteaksies, maar lidmate dien nou veel eerder as individue en nie as groepe nie. Só word hulle dikwels verwelkom waar die georganiseerde kerk nie tuis is nie. Hulle ontdek ander gelowiges vanuit ander kerke wat reeds daar dien, en met wie hulle kan meewerk. In dié proses word die rol van die gemeente herdefinieer as een van ondersteuning deur geld, middele en ander hulp (indien benodig).

Eredienste word gevolglik 'n ruimte vir getuienislewering oor wat die Here deur die lidmate in hulle handel en wandel in die wêreld verrig het, om sodoende ander aan te moedig om ook húlle gawes en talente op 'n kreatiewe en spontane wyse uit te leef.

Die erediens is by uitstek 'n geleentheid om as geloofsgemeenskap die werk van die Here te vier. Die lofprysing en aanbidding in die erediens het nuwe betekenis gekry. Selfs die geleentheid ná die erediens waar die gemeente om 'n koppie koffie saam kuier, het nuwe betekenis gekry. Hierdie geleentheid word benut om nuwelinge tuis te laat voel en om gebeurtenisse van die afgelope week met mekaar te deel.

Ten diepste is dit die besef dat die kerk nie aan ons behoort nie, maar aan God die een wat ons hele verstaan van sending uitdaag. Sending is nie maar één van die gemeente se bedieninge náás ander nie, maar die kerk se wesenstaak. Dan stuur die kerk nie net enkeles (of tjeks) uit nie. Die kerk as geheel – mense en middele – word na die wêreld toe gestuur.

Elke aspek van gemeentewees moet ondersoek word of dit God se beweging na die wêreld toe ondersteun of nie. Indien nie, is dit 'n vraag of dit bestaansreg in sy Koninkryk het.

* ***Marius Nel*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Doornpoort in die Noordelike Sinode. Hy is 'n konsultant van die Projek vir Gestuurde Gemeentes in Pretoria.*

'Eredienste word 'n ruimte vir getuienislewering oor wat die Here deur die lidmate in hulle handel en wandel in die wêreld verrig het.'